Die Volkstem

PRETORIA, 14 NOVEMBER 1932.

# JOHBG SE NUWE STASIE

Oor enkele dae sal Johannesburg se nuwe spoorwegstasie offisieel in gebruik geneem word; laat dit nie absurd lyk nie, indien ons aan hierdie gebeurtenis spesiale nasionale belang toeken. Die besielende invloed, wat indrukwekkende bouwerke op die omringende menigte uitgeoefen het en nog altoos uitoefen, word vandag nog altoos onderskat, behalwe deur mense, soos Napoleon en Mussolini, wat ingebore besef van sielkunde tentoon sprei. Ook die Egyptenare en Middel-eeuwers, wat indrukwekkende tempels en katedrale agtergelaat 't, het 'n onbewuste gevoel gehad vir byna onnaspeurlike reaksie, wat majestueuse argitektuur by die toeskouer oefen.

Die nuwe stasie van Johbg munt uit nie enkel deur respektabele omvang en deur spektakulêre afmetinge nie, dog tewens deur durf en deur originaliteit van die ontwerp. Ons nasie is trots op sy twee talentvolle boumeesters, Moerdyk en Leith, wat die planne geskep 't en vir die uitvoering van die imposante bouwerk verantwoordelik was. Ons nasie sal ook die fraai wandversieringe waardeer, deur Pierneef en van Wouw in die monumentale stasion aangebreng. Tot dusver het die "eeu van stoom, staal en masjinerie" maar min kunssinnige drang ontwikkel by die duisende argitekte, wat ons Aarde besaai 't met ontelbare groot en klein spoorwegstasies, waarvan die deurgaans afkeerwekkende lelikheid 'n beskamende verwyt vorm aan die moderne mensdom se adres! Vandag is die publiek se mentaliteit verander en word hoër eise gestel aan die boukundige aspek op die parafernalia van spoorwegwese en passassiers-verkeer. Johbg stel intelligente belang in Parkstasie en het selfs getreur by die (vanweë depressie) noodsaaklik geworde weglating van 'n paar gebeeldhoude olifante uit die stasion se voorgéwel; laat ons nie al te neerslagtig bly oor sodanige teleurstelling nie; want wie die nuwe Johbgse stasie in sy oorweldigende proporsies sal aanskou, sal die afwesige olifante totaal vergeet en deur ander indrukke oorstelp word! Dis nie toevallige ornamente of verbluffende omvang, wat 'n bouwerk tot 'n singulier produk van mense-werk stempel nie. Dis die meesterskap oor tegniese probleme en die boumeester se artistieke inspirasie, wat blywende bewondering wek! Die inwyding, aanvang 1895, van Pretoria se spoorwegstasie was 'n mylpaal in Suid-Afrika se geskiedenis. Mag die opening van die nuwe stasion van Johbg 'n begin word van 'n nuwe tydperk in ons land se ontwikkeling op geestelike, sowel as op stoflike gebied!